Hoërskool Tuine

SELFOONBELEID

255 Bornmann Straat, Pretoria Tuine, 0082
Posbus 48066, Hercules, 0030 Tel (012) 379-6181
Epos: admin@hstuine.co.za hoof@hstuine.co.za

INHOUD

1. TITEL VAN DIE BELEID 3
2. EFFEKTIEWE DATUM 3
3. HERSIENINGSGESKIEDENIS 3
4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING 3
5. AANHEF 3
6. GEBRUIK VAN SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT 4
7. BEPERKINGS 4
8. NOODGEVALLE/OMSTANDIGHEDE WANNEER DIT DALK TOEGELAAT SAL WORD 5
9. DISSIPLINÊRE OPTREDE 5
10. KONFISKERING VAN 'N SELFOON EN/OF ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT 6
11. BEKENDMAKING VAN DIE BELEID 6
12. KORT TITEL 7
13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID 7
BYLAAG A 8

1. TITEL VAN DIE BELEID

Die GEBRUIK VAN ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE MIDDELE/TOEBEHORE: SELLULêRE FONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT BELEID van Hoërskool Tuine

2. EFFEKTIEWE DATUM

17 Februarie 2022

3. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Soos Gewysig Op:
17 Februarie 2022

4. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

April 2024

5. AANHEF

a) Alhoewel dit die beleid van die Beheerliggaam en skool is om ‘n veilige omgewing wat opvoeding en leer bevorder vir elke leerder van die skool te bevorder en na te streef, is dit ook die beleid dat die opvoedingsproses van die skool nie versteur sal word nie.
b) Alhoewel hierdie beleid meesal op die leerders gerig is, mag die gebruik van selfone en ander elektroniese apparaat deur ander persone soos ouers/ voogde/besoekers verder deur die beheerliggaam/skoolhoof gereguleer word en kan daar beperkings op die aktivering en gebruik van selfone en ander elektroniese appaaraat op enige plek en in enige lokaal en tydens enige skoolgeleentheid verbied word.
c) Die beheerliggaam is bewus daarvan dat ouers/voogde met hulle kinders wil kommunikeer voor en na amptelike skoolure oor familieverpligtinge en ander verwante sake. Daarom is dit die beleid van die Beheerliggaam en die skool dat leerders toegelaat sal word om sellulêre fone (selfone) in hulle besit te hê, onderworpe aan sekere beperkings en voorwaardes.
d) Gevolglik is dit die uitsluitelike doel van hierdie beleid, wat terselfder tyd deel van die skool se gedragskode vorm, om die besit en gebruik van selfone en ander elektroniese apparaat gedurende amptelike skoolure en skoolaktiwiteite te reguleer en te beheer.
e) Die verontagsaming van hierdie beleid deur enige leerder is ‘n oortreding van die skool se gedragskode en sal daar dissiplinêre stappe soos hieronder uiteengesit, teen sodanige leerder(s) geneem word deur die beheerliggaam, die skoolhoof en/of sy/haar gemagtigde.

6. GEBRUIK VAN SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT

a) Die gebruik van selfone en ander elektroniese apparaat op die skoolterrein deur enige persoon, in die klaskamer, tydens enige skoolaktiwiteit, op enige amptelike skool vervoermiddel is ‘n voorreg wat deur die skoolhoof en/of sy gemagtigdes gereguleer/beheer word.
b) Ouers moet die skool skriftelik inlig dat dit hulle goedkeuring wegdra dat leerders selfone en ander elektroniese apparaat (soos “ipads”, “tablets” en “ipods”) op die skoolterrein mag bring (Sien bylaag A).
c) Selfone en ander elektroniese apparaat word uitsluitlik op eie risiko van enige persoon, leerders en/of hul ouers/voogde gebring en gebruik op die skoolterrein.
d) Die Beheerliggaam en die skoolbestuur, enige opvoeder en enige ander skoolpersonneellid aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlies van enige aard, diefstal, skade aan selfone en/of ander elektroniese apparaat, simkaarte, ongemagtigde oproepe van enige selfoon of verlore selfone wat in enige leerder se besit is of aan hom/haar toevertrou is nie.

7. BEPERKINGS

a) Die gebruik van selfone en/of ander elektroniese apparaat deur ander persone soos ouers/voogde/ besoekers mag deur die beheerliggaam/ skoolhoof en/of sy gemagtigde gereguleer word en kan beperkings op die aktivering en gebruik van selfone en/of enige ander elektroniese apparaat op enige plek en in enige lokaal en tydens enige skoolgeleentheid instel.
b) Geen selfone en/of ander elektroniese apparaat mag deur enige leerder gedurende die amptelike skooldag of tydens enige skoolaktiwiteit op enige wyse ten toon gestel word, aangeskakel, gebruik word of op enige manier geaktiveer word nie.
c) Selfone en/of ander elektroniese apparaat sal afgeskakel bly vir die hele duur van die amptelike skooldag, (insluitende klasverwisseling en sport-, kultuur- en ander amptelike skool byeenkomste of ander amptelike skoolaktiwiteite) asook tydens skooluitstappies soos bepaal deur die opvoeder in bevel van ‘n aktiwiteit.
d) Nie-telefoniese selfoonfunksies soos elektroniese teks versending (SMS en MMS, facebook, Mixit, internet, watsup), speletjies, kameras en klank en video opnames mag nie ter enige tyd geaktiveer word tydens skoolure of skoolaktiwiteite en/of gebruik word sonder die toestemming van die opvoeder in bevel van ‘n aktiwiteit/klas nie.
e) Selfone en/of ander elektroniese apparaat moet die hele tyd buite sig gehou word en moet versteek wees aan die leerder,se persoon of in sy/haar tas of drasak gebêre word of toegesluit wees in die sluitkassies.
f) Selfone en/of ander elektroniese apparaat wat toegerus is met die elektroniese vermoëns om enige klank of beeldmateriaal op enige wyse op te neem en/of te versend en/of kan opvang, mag onder geen omstandighede of ter enige tyd in die toilette, kleedkamers, klaskamers, saal of op enige ander plek wat deur die beheerliggaam/skoolhoof bepaal word, aangeskakel en/of op enige wyse gebruik word om enige klank- of beeld opnames/foto’s van enige persoon, enige liggamsdeel van ‘n persoon of enige dier, voorwerp, klank of rekenaarprogram, elektroniese leêr, elektroniese speletjies, gedrukte of geskrewe boek, notas op die witbord/swartbord, dokument of enige ander nota te maak, op te neem of te vervaardig nie.

g) Geen leerders mag tydens die amptelike skooldag of tydens enige amptelike skoolaktiwiteite elektroniese boodskappe (SMS) of enige ander elektroniese beeld, klankopname en/of speletjie en/of program/leêr aan ‘n ander selfoon en/of ander elektroniese apparaat stuur of sy/haar foon aanskakel om sulke boodskappe/elektroniese programme te lees, daarna te luister of te ontvang nie sonder die toestemming van die opvoeder in bevel nie. Die verbod is ook geldig vir enige klas/toetsperiode.
h) Geen leerder mag ‘n selfoon en/of ander elektroniese apparaat gebruik om op enige wyse enige,ander leerder of enige personeellid daarmee te intimideer, valse gerugte en/of bewerings versprei, af te pers, dreig, afdreig, vermaak, vulgêre - en/of onwelvoeglike taal, prent, foto of enige beeldmateriaal of enige elektroniese boodskap in enige vorm, pornografie of enige elektroniese speletjie of wat ook al, te vertoon en/of na klankboodskappe of -opnames te laat luister of te speel of enige van die voorafgaande aan ander leerders se selfone aanstuur of versprei nie.
i) Kuberboelie met selfone en/of enige ander elektroniese apparaat,soos omskryf in die boeliebeleid is ’n ernstige oortreding en sal oortreders gepaslik gestraf word.

8. NOODGEVALLE/OMSTANDIGHEDE WANNEER DIT DALK TOEGELAAT SAL WORD

a) Indien ouers van ‘n leerder skriftelik versoek dat weens buitengewone omstandighede, ‘n leerder ‘n selfoon mag gebruik tydens die skooldag, sal dit met die toestemming van die skoolhoof op ‘n tyd en ‘n plek soos deur hom/haar bepaal en in die teenwoordigheid van ‘n personeellid plaas vind.
b) Indien die leerder ‘n elektroniese boodskap (SMS/MMS/BBM ens.) met die foon wil stuur of ontvang sal die leerder die boodskap eers aan die personneellid toon voordat dit afgestuur word en so ook boodskappe wat daarop ontvang word.
c) Indien buitengewone omstandighede dit tydens skoolaktiwiteite vereis, mag selfone deur leerders, slegs met die toestemming van ‘n opvoeder, waar toestande van so ‘n aard is, vir noodgevalle gebruik word andersins moet die leerder by die kantoor vra of die opvoeder/persoon in bevel versoek dat sy/haar ouers/voogde gekontak word.

9. DISSIPLINÊRE OPTREDE

a) Dit is leerders se verantwoordelikheid om toe te sien dat die selfone en/of ander elektroniese apparaat wat in hulle besit is of aan hulle toevertrou is afgeskakel en buite sig is en sal bly die oomblik wat hulle die skoolgrond betree en/of by ‘n amptelike skoolaktiwiteit aansluit. Indien leerders nie die bogenoemde beperkings nakom of daaraan gehoor gee nie, sal dit geag word asof die betrokke leerder die opvoedkundige proses van die skool versteur of omver gewerp het en is hy/sy gevolglike onderworpe aan dissiplinêre optrede en konfiskasie van die selfoon en/of die betrokke elektroniese apparaat.
b) Leerders wie se selfone en/of elektroniese apparaat gekonfiskeer is, of wat weier om gehoor te gee aan hierdie beleid, verbeur die voorreg om ‘n selfoon en/of ander elektroniese apparaat op die skoolterrein te bring of enige selfoon en/of ander elektroniese apparaat tydens enige skoolaktiwiteit te gebruik vir ‘n tydperk soos deur die skoolhoof bepaal.

10. KONFISKERING VAN ‘N SELFOON EN/OF ANDER ELEKTRONIESE APPARAAT

a) Indien enige personeellid/opvoeder opmerk dat ‘n leerder gedurende die amptelike skoolure of skoolaktiwiteit sonder die nodige toestemming op enige plek op die skoolterrein ‘n selfoon en/of ander elektroniese apparaat op enige wyse gebruik, rus daar ‘n verpligting op so ‘n personeellid om die foon en/of ander elektroniese apparaat te konfiskeer en aan die skoolhoof of ‘n aangewese persoon te oorhandig vir veilige bewaring. Die leerder mag egter die SIMkaart van die foon kry aan die einde van die skooldag.
b) Die opvoeder/personeellid sal ‘n kort verslag saam stel oor die omstandighede waaronder die selfoon en/of ander elektroniese apparaat gekonfiskeer is, waarna die verslag en sodanige selfoon en/of elektroniese apparaat in ‘n koevert verseël en die koevert duidelik gemerk word met die naam van die leerder. Die koevert sal dan in die teen-woordigheid van die leerder in die skool se kluis toegesluit word of in die besit van die skoolhoof/aangewese persoon bly totdat toegesluit kan word.
c) Die selfoon en/of ander elektroniese apparaat en verslag sal slegs aan die ouer/voog van die leerder by die skoolkantoor oorhandig word. ‘n Afskrif van die verslag wat gelei het tot konfiskasie sal op die persoonlike leêr van die leerder geplaas word.
d) Indien ‘n leerder weier om ‘n selfoon en/of ander elektroniese apparaat aan ‘n personeellid te oorhandig is dit ‘n oortreding van die gedragskode wat tot dissiplinêre optrede kan lei. In so ‘n geval sal die leerder die opvoeder/ personeellid na die kantoor van die skoolhoof vergesel of na die persoon wat in beheer is van ‘n amptelike skool aktiwiteit om aan hom/haar mondelings te verduidelik waarom die selfoon en/of ander elektroniese apparaat gebruik is en hoekom hy/sy dit nie wil oorhandig nie.
e) Die skoolhoof/ persoon in bevel sal dan verder volgens sy/haar diskresie met die saak handel. Dit sal duidelik aan die leerder gestel word dat hy/sy hom/haar aan ‘n ernstige oortreding skuldig maak deur nie die selfoon en/of ander elektroniese apparaat af te staan nie.

11. BEKENDMAKING VAN DIE BELEID

a) Die beleid moet aan alle ouers versprei word tesame met toestemmings-briewe, waarvan ouers/voogde onvangs moet erken dat hulle van die inhoud kennis geneem het en dit verstaan. Tekens wat selfone en/of ander elektroniese apparaat verbied moet om en in die saal, toilette, klaskamers en kleedkamers aangebring te word.
b) Die Beleid moet aan leerders verduidelik word in inligtingsessies om sodoende enige onduidelikhede uit die weg te ruim. Senior afdeling leerders om ‘n vorm te onderteken dat hulle die beleid verstaan en erken dat dit aan hulle verduidelik is. Proses om jaarliks met nuwe seniors herhaal te word asook met nuwe ouers en leerders wat ingeskryf word.
c) Die beleid moet verduidelik word met elke jaarlikse ouer-inligtingsaand aan nuwe ouers/voogde.

12. KORT TITEL

Hierdie beleid sal genoem word die Selfoonbeleid van Hoërskool Tuine.

13. GOEDKEURING VAN DIE BELEID

Geteken te Pretoria op hierdie 17de dag van Februarie 2022.

_____	_____
Dr Chris Ackerman	Mr Johan Furstenberg
Beheerliggaamvoorsitter	Skoolhoof

BYLAAG A

Toestemming van Ouer vir Leerder om sellulêre fone en/of ander elektroniese apparaat na die skool en amptelike skoolfunksies/aktiwiteite te bring.

Hiermee verleen ek .....(naam en van van ouer)

toestemming dat my kind ..... (naam van leerder) wat in

Graad ..... is die volgende selfoon/ elektroniese apparaat skool toe mag neem en ingevolge Hoërskool Tuine se selfoonbeleid mag gebruik:

Fabrikaat van foon/apparaat.....

Reeksnommer.....

Selfoon no.....

Ek en my kind verklaar hiermee dat ons kennis geneem het van die inhoud van die selfoonbeleid en dit verstaan.

.....	.....
HANDTEKENING (OUER)	HANDTEKENING (LEERDER)
DATUM:.....	DATUM:.....

Nota: daar moet vir elke leerder wat 'n selfoon het/sal gebruik in 'n huisgesin 'n afsonderlike vorm ingevul word. Hierdie vorm moet geliasseer word op die leerder se persoonlike leêr.